


# STELLENBERG PINKSTER

Sondag 31 Mei 2020

**‘Amen’ is die begin van nuwe lewe**  
**Romeine 8**



Goeie dag, baie welkom by ons Pinkster Sondag. Beleef in ons saamwees dat die genade, barmhartigheid en vrede van God daar by jou in jou huis is.

Kyk aan die einde van ons diens na 'n paar belangrike afkondiginge.

Met die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkster dag lees ons in Handeling 2 dat gelowiges diep geraak was deur die gebeure, maar onseker wat om nou te verwag en spesifiek wat om te doen.

Ons reis saam met die eerste gelowiges in Jerusalem, Antiogië, Filippi en Rome tydens ons Pinkster reeks wys dat hulle aan die geloof vasgehou het:

1. **GOD IS HIER** Dat Christus deur sy Gees nou by hulle in hierdie omstandighede is en ongeag wat kom by hulle sal bly.
2. **GOD LEI ONS.** Dat die Heilige Gees hulle juis hulle duidelikheid sal gee. Sal help om te onderskei en sin te maak.
3. **ONS REAKSIE.** Dat die werking van die Heilige Gees op 'n baie besondere manier sigbaar word in mense se reaksies. Vrugte van die Gees

**Ons reis in die afgelope week bring ons uiteindelik vandag by ons eie gemeente uit.**

Ons gaan vandag 'n paar enkele tekste uit Romeine 8 saamlees. Alhoewel dit net enkele uittreksels is wil ek julle vra om iewers tyd te neem om die hele hoofstuk self te lees.

Romeine word beskou as Paulus se meesterwerk. Dit is geskryf na die einde van sy lewe en as jy dit met sy ander briewe vergelyk staan dit uit vir een rede: Dit spreek van praktiese lewens ervaring. By elke liewe gemeente, wat baie van mekaar verskil het, het hy hierdie een gemeenskaplike realiteit gekry waarvan hy skryf.

Ons gaan vandag op 'n ander manier na ons teksgedeelte luister. Ek gaan dit vir ons lees as deel van 'n loflied en gebed. Hoor in hierdie volgende 5 minute die kern van dit wat agter die woorde lê: "Ek glo".

Oh the deep, deep love of Jesus  
Vast, unmeasured, boundless, free  
Rolling as a mighty ocean  
In its fullness over me  
Underneath me, all around me  
Is the current of your love  
Leading onward, leading homeward  
To your glorious rest above  
Oh, the deep, deep love of Jesus  
'Tis heaven of heavens to me  
And it lifts me up to glory  
For it lifts me up to thee  
Oh, the deep, deep love of Jesus  
Spread his praise from shore to shore  
How he loves us, ever loves us,  
Changes never, nevermore

Gaan kyk na die lied op Youtube (dit is werklik baie treffend)

<https://www.youtube.com/watch?v=KLTu1xv2-US>

Ons Pinkster reis bring ons uiteindelik in 2020 by ons eie gemeente hier in Stellenberg uit. En die vraag: Wat moet ons nou doen?

Tydens ons reis die afgelope week het twee gedagtes by my opgekom oor die belydenis “Ek glo”.

- Gelowiges se godsdienstige stryd om te probeer uitmaak WAAR God is en HOE hy by ons hede inpas. Dit voel vir sommige ons beland in ‘n godsdienstige sirkelgang. Die lewensverhale in die Bybel loop anders. Hulle het nie uitgewerkte godsdienstige leerstukke gehad het om die Heilige Gees te verduidelik nie. Die praktiese lewe voor hulle in al sy vorme was die leerskool en hulle het beleef dat die Heilige Gees op praktiese maniere hulle help.
- Die perspektief dat wanneer ons oor die Heilige Gees praat ons op ‘n manier altyd in die toekoms kyk omdat ons hoop op nog beter tye. Ons moet waarskynlik in Pinkster leer om weer in die verlede terug te kyk en opnuut tot die besef dat God nog altyd by ons was. In die nugtere woorde van Prediker ... “wat was sal weer wees, wat gebeur het, sal weer gebeur” (Prediker 1:9).

Dit is wat Paulus ons in hierdie Pinkster nalaat ... ons word in elke liewe lewens omstandigheid, moeilikheid of uitdaging, lewens fase op ‘n diep, diep manier deur die liefde van Christus omring: Dis oneindig, onmeetbaar, sonder grense en vry ... en dit werk prakties in ons lewens.

### **Wat moet ons doen?**

Hou vas aan jou geloof! EK GLO. Nie net omdat jy dit hoor in die getuienisse van die eerste gelowiges nie, maar omdat jy dit self in jou hede beleef. God se Gees wat jou veilig hou, krag gee, inspireer en uitdaag om die onbekende binne te stap.

Dit is so besonder om altyd in die kerk saam op te kan staan om ons geloof te bely. Terwyl ons dan nou elkeen in ons eie huise sit, beleef jou stem saam met die stemme van soveel ander gelowiges saam met jou vandag in ons land.

EK GLO...

*Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde,  
En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;  
wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;  
wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en  
ter helle neergedaal het <sup>[1]</sup>(neergedaal het na die hel);  
wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;  
wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die  
almagtige Vader;  
van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe, en die wat reeds  
gestorf het.  
Ek glo in die Heilige Gees;  
ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk,  
die gemeenskap van die heiliges,  
die vergewing van sondes,  
die opstanding van die vlees en in 'n ewige lewe.  
amen*

Wanneer ons aan die einde van 'n gebed of diens “amen” sê beteken dit ons is klaar, maar die woord beteken “dit is waar en seker”. Amen is dis nie die einde van 'n gebed of diens nie, maar lei die begin van nuwe lewe in.

**Weet verseker dat die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde van God ons Vader en die teenwoordigheid van die Heilige Gees by jou bly.**

**AMEN**